

4 Februarie

Skrifgedeelte: Markus 16:9-20
Fokusgedeelte: Markus 16:15 (OAV)

Die groot opdrag (2)

Matteus se Evangelie was gerig aan die Christene uit die Jode, terwyl Markus syne geskryf het met die oog op die Christene uit heidense geledere. Dit is onder andere duidelik uit die feit dat Markus dikwels vir sy lesers die Joodse gebruike verduidelik (bv. Mark. 7:3-4).

Aan hierdie gelowiges dui Markus aan dat Jesus, hoewel Hy werklik mens geword het, bo alle twyfel *die Seun van God* is. Daarom plaas hy besondere klem op die wonderdade wat Jesus gedoen het. Hy het mag oor die duiwels, oor siekte, dood en natuurkragte. So leer ons Jesus deur Markus ken as die almagtige Koning.

Markus 16 is die hoogtepunt van die Evangelie. Hier word Jesus se finale en volkome oorwinning oor die graf en die dood kragtig weergegee. Sy verskynings aan verskillende mense moes die feit van die almagtige, oorwinnende Koning bevestig. Nogtans wou die dissipels die ooggetuies nie glo nie.

Wanneer Jesus later self aan hulle verskyn, bestraf Hy hulle ernstig oor hulle ongeloof. Nietemin moet hulle, die swakkeling, nou die hele wêreld ingaan en hierdie kragtige evangelie aan die ganse mensdom verkondig. Dit moet wees die uitroep van 'n blye oorwinningsfeit deur die Koning se eie aankondigers. Hy wat ons sondeskuld enduit betaal het en ons met God versoen het, het ook die dood en graf vir ons oorwin. In Hom is ons meer as oorwinnaars.

Nou is die grense van die Joodse land en godsdiens deurbreek; die evangelie van genade in Christus is nou vir alle mense. Met Christus se opstanding uit die dood het die beloftes van Jesaja 49:6 in vervulling gegaan. "Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde."

Deur hierdie boodskap te glo, deel jy nie net in God se ryke genade nie, maar word jy ook opgeroep om hierdie blye boodskap soos 'n stroom lewende water tot aan die einde van die wêreld te laat voortvloei.

Sing: Psalm 32:1, 4 (1936)

Ds. SA Cilliers (Waterberg)